

Inhoud Hierdie preek wys hoe Ps. 42 'n gebed van 'n persoon in die angstigheid en depressie van selfisolasië is en uit hierdie angstigheid in God se lewende teenwoordigheid die standvastigheid vind om deur sy wisselvallig te gaan sonder om in sy angst op te gaan of depressie weg te sak. Dit spreek die werklikheid aan van 'n gemeenskap wat in skok is oor sy misplaaste geloof in die onaantasbaarheid van die lewende en as gemeenskap besig is om in 'n kollektiewe roumart in te gaan.

Skriflesing Ps. 42 1 Kor. 15:55 -58.

Teks Ps. 42: 12 "Waarom kwyn jy weg, my siel, en is jy so onrustig in my? Hoop op God want ek sal Hom, my God, weer prys vir die verlossing wat Hy, my God deur sy teenwoordigheid bring." (DAV)

Tema: God bly in ons depressie die lewende teenwoordige God

1. Die lewende teenwoordige God!

Dit is die werklikheid! Die werklikheid van wie God vir ons is wat geïsoleer is en in die isolasië angstig en depressief word! Die werklikheid is nie ons eie innerlike roumart vir die dood nie. Die werklikheid is dat God lewe terwyl ons net die dood aanvoel. Wanneer ons moet wegkruip soos die skrywer uit vrees vir die dood homself in 'n afgeleë bergvesting geïsoleer het nie, is ons nie van God geïsoleer nie. (42: 10) In die afwesigheid van alle mense om ons, bly Hy vir ons die teenwoordige God. Want Hy is nie net 'n gevoel of 'n ervaring nie/ Hy is die lewende teenwoordige Here.

Ps. 42 is 'n gebed geskryf in die angstigheid van depressie in selfisolasië.

Die Psalmskrywer moes deur persoonlik omstandighede homself geïsoleer het van die gemeenskap van mede-gelowiges en die eredienste in Jerusalem. Daarom stel hy die diep versugting: "Wanneer kan ek die tempel ingaan en voor God verskyn?" (42:3), en roep hy die samesyn met gelowiges in herinnering met die woorde: "hoe kan ek optrek in 'n magtige skare, hoe ek voor hulle uitgaan na die huis van God met jubelkrete en dankliedere, 'n feesvierende menigte. (42:5)

Selfgeïsoleer van die gemeenskap van gelowiges en eredienste! Angstig in depressie vasgekleem!

Die skrywer se depressie en angstigheid in sy selfisolasië sien ons duidelik in sy aanhoudende teenstrydige en wisselvallige gemoedstemmings in die Psalm.

2. Waar hierdie depressie die duidelikste uitstaan, is die kontras tussen

- die beelde van 'n rooitakbokkooi wat smag na waterstrome, uitgeput deur somerhitte in dorre streke en
- die beeld van die weergalming van groot watervalle in 'n waterkuil.

Dit word verwoord in “Soos 'n wildsbok wat smag na waterstrome, so smag my siel na U O God” (42:2) en “Die diep water laat die geluid van U watervalle weergalm.” (42:8) Lees 'n mens hierdie twee beelde saam dan gaan dit oor iemand wat smag na water terwyl hy op 'n rots by diep kuile sit waarin watervalle in neer bruis.

Dit is die werklike gemoedstoestand van depressie in isolasie: om by alles te wees wat jou beter kan laat voel en nou steeds te voel dat daar niks is wat jou beter kan laat voel nie.

Die plek waarin hierdie Psalm in die gemoed van die skrywer gemunt is, is in die Hermonberge in Noord Palestina.

Die landskap van hierdie omgewing is net so teenstrydig en wisselvallig soos die Psalm skrywer se eie gemoed. Die Hermon gebergte is waterryk weens die sneeu op die hoë bergtoppe maar die berge self is in 'n semi-woestyn omgewing. Daarom is die landskap groen valleie in 'n dorre woestyn.

3. Die diepte en omvang van die self-isolasie en depressie van die skrywer wys eerstens in die kontras dat hy by die watervalle sit, maar die koel water hom laat dink dat sy siel smag na God. Hy sit met 'n gevoel van dorstigheid terwyl hy na die oorvloedige en bruisende water kyk. In die oorvloedige en bruisende water sien hy nie God is die heerlike water wat sy dors les nie, maar voel hy teenoor God soos 'n wildsbok in die dorre woestyn.

Hy staan nie op en gaan drink van die koel water by die waterkuil waar hy sit nie, maar voel magteloos in geestelike dorstigheid vasgevang.

Hy sien ook nie die uitkoms uit sy dors as hy kyk na die teenwoordige bron van lewe, koel water, nie. Hy sien in die koel water net die golwe en onstuimige gebruik wat hom wys op sy gevoel van om deur alles oorweldig te word.

Die skrywer se depressie wys ook uit sy manier om in die verlede te leef en alles wat goed is in die verlede terug te vind terwyl hy eintlik die hele dag bedroef en huilerig in roumart is. Daarom stel hy dat in sy teenwoordige lewe is trane dag en nag sy brood. (42: 4) Hy leef in sy self-isolasie en in sy depressie en voel dat alles wat goed is, iets is wat net in die verlede is en net in herinneringe opgeroep kan word.

4. Die geloofsworsteling van die skrywer gaan oor die gevoel van godsverlatenheid binne sy depressie en isolasie. Dit is om teenoor God koud en niks te voel nie.

Dit is die werklike wisselvalligheid waarmee die skrywer worstel. In sy rou waarin hy elke dag leef van “trane is dag en nag my brood”, kan hy nie positief terug antwoord op hulle wat hom spot en wysmaak dat hy godverlate is met die vraag: “Waar is jou God nou” nie.

Uit sy eie gemoedstoestand en isolasie kan hy homself nie verweer en vertel dat God vir Hom goed is en teenwoordig is in sy lewe nie.

Hierdie spot en verwyf verwoord dan eintlik sy eie gevoel van vertwyfeling dat God werklik vir hom afwesig is. In sy eie neerslagtigheid, en sy vertwyfeling in sy eie neerslagtigheid, voel hy homself nie deel van die teenwoordige liefde, trou en sorg van God nie.

Diep in sy hart weet hy egter dat sy gevoel van isolasie en depressie nie die waarheid is oor God in sy lewe nie. Daarom veg hy teen hierdie depressie-beelde van godsverlatenheid en raas hy herhaaldelik en aanhoudend met homself in die woorde: “Waarom kwyn jy weg, my siel, en waarop is jy so onrustig in my? Woorde waarmee hy alles wat angs is en angs aan ’n mens doen verwoord – ’n onrustigheid in jou wat alle gevoel in jou laat wegkwyn!

Hierdie wisselvalligheid tussen hoe hy in sy selfisolasie voel en wie God regtig vir hom is, wys in die kontraste tussen sy gevoelens en sy sekerheid oor wie God in werklikheid is.

Kyk na die deurlopende kontraste!

1. “Trane is dag en nag my brood” dit is oor die gevoel van God se afwesigheid (42: 4) en sy geloofsbelydenis in vers 9: “Bedags sal die Here sy troue liefde laat geld en snags sal ’n lied vir Hom by my opkom,”

2. Ook “die angs dat sy siel wegkwyn en hy in onrustigheid bevange is” volgens sy gevoelens, maar dadelik weer in die geloof die hoop vind dat Hy die Here vir sy verlossing sal loof.” (42: 6)

3. Eers doen hy die geloofsbelydenis dat God sy rotsvesting is en direk in dieselfde sin verklaar hy dat hy voel God het hom verlaat. (42: 10)

4. Hierdie kontras wys ook in sy geloofsbelydenis dat God die lewende en teenwoordige God is (42: 3, 12) en die God van sy lewe is (42: 9), maar dat volgens sy gevoel hy in rouSMART is oor sy dreigende dood en God se afwesigheid asof God ’n dooie God is. (42: 10,11)

5. Dit is wat angstigheid in isolasie met 'n mens laat gebeur: dat jy weet jou gevoel is nie die waarheid van wat met jou gebeur nie, maar jy weet ook nie hoekom jy anders voel as wat die waarheid is nie.

Hierdie onbegryplikheid van wat ek voel teenoor wat ek in weet, word twee keer in die Psalm met 'n vraag en een keer met 'n stelling saamgevat: “Waarom kwyn jy weg, my siel, en is jy onrustig in my? (42: 6, 7, 12)

Daarom is die vraag waarom kwyn ek so weg, terwyl alles wat ek oor weggwyn nie werklik is en nie die waarheid is nie, deel van die geloofsworsteling met God binne in die diepte van depressie

Angstigheid in depressie is die regte rede vir die wisselvalligheid, die onstuimigheid en gevoel dat enige iets en alles my oorweldig en onderkry soos die Psalmskrywer dit stel: “Al u deininge en golwe het my oorspoel” met die ironie dat dit juis God se uitkoms op sy dors is, 'n diep kuil vol water, waarin hy weer oorweldig en magteloos voel.

5. Die vastigheid in hierdie wisselvalligheid is God self!

Dit is wie God regtig en werklik in die lewe van die skrywer is wat maak dat hy homself nie kan oorgee aan sy eie angs en neerslagtigheid nie. Want wie God is en wat God doen, verwoord die skrywer met die uitdrukkings, God is die lewende en teenwoordige God. (42: 3, 12)

Hierdie lewende God is iemand anders as die god van my gemoedstoestand, die god van my eie depressie-beelde en die god wat ek nie teenwoordig kan voel nie. Hierdie teenwoordige God is 'n ander god as die afwesige god wat hy ervaar en beleef en wat hom laat voel dat hy na god se liefde en teenwoordigheid smag.

Dit is die besondere van wat in hierdie Psalm gebeur. In 'n Psalm wat geskryf is in depressie en waarvan elke deel van die Psalm hierdie depressie wys, word die diepste geloofsbelydenis gemaak oor God se troue liefde. Dit is amper soos met Koos du Plessis wat as depressielyer vir ons die enigste blymoedige somerkersfeeslied in die wêreld geskryf het: “Gee ons 'n helder somer Kersfees.”

In vers 9 word hierdie belydenis so gestel: “Bedags sal die Here sy troue liefde laat geld, en snags sal 'n lied vir Hom in my opkom, 'n gebed tot die God van my lewe.” Met hierdie geloofsvertroue in die lewende God getuig die skrywer dat hy weet wie God regtig is al kan hy dit nie voel nie.

Dit is juis omdat God anders is as wie hy voel dat God is, dit is juis omdat die lewende God besig is om sy troue liefde te bewys terwyl hy depressief is, dat hy hierdie geloofsbelydenis oor God maak.

Omdat God anders is as hoe hy voel, gebeur die wonder met hom – juis in die nag wanneer hy nie kan slaap nie (in depressie en angstigheid kan mense nie deurslaap in die nag nie, en is mense die diepste geïsoleerd), kom daar ten spyte van hoe hy voel in my hart 'n lied op vir die Here, 'n gebed op in sy hart vir die Here van my regte lewe, nie die een waarin hy in 'n mislukking voel nie.

6. Omdat God regtig die lewende God is, is God die Rots waarop hierdie skrywer vasstaan en die Hoop waaraan hy vashou.

Daarom kan die absolute teenstrydige gebeur: Hy kan by God op die volgende snaakse manier kla, “My rotsvesting, waarom het U my vergeet?” Hy kla in sekuriteit dat sy klagte nie waar nie nie! My rotsvesting, waarom het u my vergeet?”

En hy weet hy mag maar so kla, want God is die lewende God, nie die die dooie God van sy depressie nie. God is die werklike Rots, nie die god wat hom oorgee aan oorweldigende vloedwaters nie. In sy angs hy kla oor sy gevoel van godsverlatenheid by die Here wat Hy weet teenwoordig is. En dit doen hy met die verwarring in homself dat hy nie weet hoekom hy so kla en sukkel nie.

7. Die innerlike wisselvalligheid gebeur ook in sy selfaanmoediging om te hoop in sy gevoel van hopeloosheid.

“Hoop op God, want ek sal Hom weer loof vir die verlossing wat sy teenwoordigheid bring.”

Ons mag nie hierdie self-oproep tot hoop verwar as die versugting om weer in die erediens te wees nie. Die erediens het heel ander betekenis in skrywer se lewe: daar met ander se lofliedere en aanbidding kon hy meer wees as sy eie depressie, daarom was dit vir hom altyd so kosbaar.

Hoop gaan oor die werklikheid dat die lewende God se teenwoordigheid werklik is, al voel hy dit nie. Dit is die hoop waarin die skrywer leef ten spyte van homself.

Daarom kry ons ook die besondere aksent dat die teenwoordigheid van die Here verlossing bring. Die werklike teenwoordigheid van God in sy troue verbondsliefde bevry die skrywer van die isolasie en waanbeelde van godsverlatenheid binne sy depressie.

Daarom is hierdie teenwoordigheid van God wat werklik is ook die hoop van die skrywer, die hoop dat hy weer bevry uit sy eie koudheid teenoor God waarin God afwesig voel, God weer sal kan loof, eer en dank omdat sy teenwoordigheid nie deur sy depressie verdring word nie.

Dit is werklik hoop in 'n depressie binne selfisolasie: God is altyd teenwoordig, anders as wat ek oor Hom en die lewe voel. Daarom hoef ek nie in my eie depressie weg te kwyn nie. God se teenwoordigheid in sy troue liefde laat my meer wees as my eie verlatenheid binne my eie depressie en isolasie.

8. Jesus Christus is die lewende Here.

Dit is die aankondiging van Paulus in 1 Korintiërs 15. Hy het die werklik as mens uit die dood weer lewend mens geword en is vandag lewend mens om as Here, die lewende Christus, die lewende God-met-ons te wees.

Die lewende God wat in liefde en genade altyd God teenwoordig is by sondaars. Ons eie sonde wat die krag het om ons van God te vervreem en godverlate te laat leef, is werklik verbreek. Die angel en krag van sonde en dood, godverlatenheid, het Christus self gedra om altyd die teenwoordige Here by en met sondaars te wees.

Jesus Christus is as teenwoordige Here altyd groter as ons eie gemoedstoestande oor God, onself en ons eie lewe. Hy laat ons elke dag leef in God se troue liefde of ons dit nou aanvoel of nie.

Dit is die deurbraak van sy opstanding uit die dood: ons leef in die troue liefde van die teenwoordige lewende God vir ewig. God is nie net 'n mooi belewenis of ervaring in ons eie gemoed en lewe nie. Jesus staan nie maar sommer net binne in ons lewe op en leef in ons mooi selfervarings nie. Hy is nie 'n innerlike gevoel nie. Hy is by ons teenwoordig as die lewende Here, ongeag ons gevoelens.

9. Daarom kan ons nooit die kollektiewe rouSMART waarin ons as 'n gemeenskap en gemeente besig is om binne te gaan, as ons eie godverlatenheid glo nie, al begin dit vir ons so voel!

Dit is besig om ons eie werklikheid te word: ons moet soos die Psalmskrywer in rouklere rondloop. "Met rouklere rondloop" is 'n beeld wat wys dat die dood nou die hele dag deel van ons lewe is. Ons leef met die werklikheid van die teenwoordige dood en ons moet die rouSMART oor die verlies in en deur die dood aantrek en dra soos rouklere. Ons kan hierdie rouSMART in en deur die dood nie meer ontken of vermy nie.

Dit is wat hierdie pandemie met die gemeenskap gedoen het. Mense het nou maklik drie geslagte lank geleef met die sekuriteit dat die dood nie meer deel van ons daaglikse gewone lewe is nie. Die dood is iets wat aan die einde van 'n vol lewe kom of per toeval met 'n ongeluk gebeur.

Mense kon die dood uit die gewone daaglikse lewe verdring deur medisyne en hospitale waarna jy gegaan het en gou uit gekom het om net weer met die lewe aan te gaan.

Die dood is kollektief uit ons lewe verdring deur 'n gemeenskap wat die lewe gevier het as iets wat onaantasbaar deur die dood. Selfs nie eers geliefdes se dood kon hierdie viering van die lewe met mekaar en vir mekaar demp nie. As iemand doodgegaan het, het hulle geëis hul familie moet hul lewe vier en nie rou nie, en hul dood is verdring met die viering van hul lewe wat verby is, maar altyd sal bybly.

10. En skielik, teen almal se geloof in die lewe en se ontkenning van die dood, moet almal in selfisolاسie ingaan, uit vrees vir die dood wat regtig nou net 'n daaglikse werklikheid geword het.

En skielik loop almal met rouklere! Vriende en geliefdes gaan nou om ons dood – daagliks! Elke aankondiging van nog 'n siek persoon gee weer die gevoel dat ons nou saam met die teenwoordigheid van die dood leef. Ons wil nie meer hospitale toe gaan nie, want dit is nie meer plekke waar jy gou-gou gaan gesond word en uitkom nie. Elkeen wat in 'n hospitaal ingaan gaan in isolاسie in met die gevoel van die dood se nabyheid. Dokters begin mense wegwys van hospitale om in selfisolاسie in huise te probeer gesond word.

Ons kan ook nie meer met die viering van die lewe, soos in die verlede, die gevoel van die dood weg leef nie. Want ons mag nie bymekaar kom en met ons eie lewe mekaar liggaamlik aanraak en weer vir mekaar die gevoel van lewe gee nie. Baie mense moet buite hospitale sit terwyl hulle geliefdes nou in isolاسie sterf.

Hierdie isolاسie van mekaar in roumart is kollektief! Dit is die hele gemeenskap wat hierin vasgevang word. Daarom is ons hele gemeenskap besig om in 'n proses van roumart in te gaan. Roumart wat presies in 'n hele gemeenskap gaan verloop soos roumart in mense se persoonlike lewens afloop.

Dit beteken dat ons werklik ook besig is om as gemeenskap in die geheel in die angstigheid en depressie van selfisolاسie ingetrek te word. Die wisselvalligheid tussen al die gevoelens in angsts en depressie wat ons weet nie regtig is nie maar regtig voel en die sekerheid van wie god is maar nie meer seker voel nie, gaan nou 'n kollektiewe gemeenskaplike werklikheid word.

11. Ons is werklik soos die Psalmskrywer selfgeïsoleerd afgesonder van die gemeenskap van gelowiges en die feestelikheid van die eredienste!

Ons gaan mos ook in hierdie angstigheid ingaan dat ons nie meer die werklikheid van die lewe kan aanvoel nie.

Wat moet ons in ons selfisolasië ontdek?

Die verskil tussen wat ons voel in ons eie angstigheid en die werklikheid van wie God as die lewende teenwoordige Here is! God is en bly die lewende Here. Dit is net wie Hy is. Hy het as mens uit die dood opgestaan om ons altyd in sy lewe as mens te laat deel, ook in ons selfisolasië. As God is en bly hy die lewende God en kan hy nooit die dooie god word wie ons in ons angste en depressie voel nie.

Meer, die Here is en bly altyd die teenwoordige Here wat nie 'n toeskouer op ons lewe is maar altyd die Rots is waarop ons sit, veilig by koel waters, al kan ons in water nog net dorstigheid en bedreigings ervaar.

Omdat die Here die lewende en teenwoordige Here in ons angste en depressie bly, sal ons nooit ons self aan ons gevoelens kan oorgee en uitlewer nie. Die Here sal ons altyd weer die geloofsekerheid gee dat Hy anders is as wat ons in ons angstigheid en neerslagtigheid oor Hom en ons lewe voel.

12. Die Here se lewende teenwoordigheid sal maak dat ons nie opgaan in ons angstigheid of wegraak in ons depressie nie. Hy gaan ons in hierdie wisselvalligheid vashou –

God is anders as wat ek voel. In my gevoel van die teenwoordige dood en oorweldiging van die gebeure om my,

Sy lewende teenwoordigheid sal Hy my elke keer weer die sekerheid binne my angste en neerslagtigheid gee – God en ek is anders as wat ek voel!

Hoe bid en leef ons in selfisolasië vir onself en ons geliefdes? Ons bid soos Paulus dit aankondig: “So kom die Gees ons ook in ons swaakheid tot hulp, want ons weet nie mooi waarvoor ons behoort te bid nie. maar die Gees tree self vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie.”

Hoe klink so 'n gebed in swaakheid. 'n gebed wat ons nie mooi weet hoe om te bid nie en dit ook nie nodig is om te weet wat ons in woorde moet sê nie?

Dit klink soos Psalm 42. Kom ons bid dit saam as die gebed vir mense in selfisolasië wat nie meer die werklikheid kan aanvoel nie.